# Geestelike hoogmoed

Die Here verwag van ons om onder leiding van die Heilige Gees vir medegelowiges en ook vir die redding van ongelowiges in te tree.

> "… terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges …" (Efesiërs 6:18 AOV))
>
> "En Ek het onder hulle 'n man gesoek wat … voor my aangesig in die bres kan staan vir die land, sodat Ek dit nie sou verwoes nie; maar Ek het niemand gevind nie." (Esegiël 22:30 AOV)
>
> "o Jerusalem, Ek het wagte op jou mure uitgesit wat gedurigdeur die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie. o Julle wat die HERE herinner aan sy beloftes – moenie rus nie" (Jesaja 62:6 AOV)
>
> "He saw that *there was* no man, And wondered that *there was* no intercessor …" (Isaiah 59:16 NKJV)

Ons moet egter met die regte gesindheid vir mense bid, met hulle praat en oor hulle praat. Dit is so maklik vir geestelike hoogmoed om kop uit te steek en dit kan ook baie subtiel wees. As my gesindheid nie heeltemal suiwer is nie en daar geestelike hoogmoed teenwoordig is, moet ek liewers nie praat of bid voordat ek my gesindheid reggestel het nie. Dit is so maklik om jou eie sondes te probeer toesmeer en te regverdig deur jou gedagtes op 'n verkeerde manier op ander mense se probleme, tekortkominge en oortredings te rig. Hoe maklik is dit nie om jouself wys te maak dat die sondes wat jy doen darem nie heeltemal in dieselde lig gesien kan word as die sondes van sommige ander mense wat jy ken nie en om, wanneer teenspoed iemand anders tref gedagtes van genoegdoening te ervaar, soos: "Ek het geweet dit gaan gebeur. Hy of sy wou mos nie luister nie." So 'n gesindheid van bid of raadgee maak jou nie net geestelik hoogmoedig deurdat jy dink jy is beter en geestelik meer gevorderd as ander gelowiges nie, maar dit maak jou ook uiters skynheilig, want die hoofrede hoekom jy bid is om jou beter te laat voel oor jou eie sondes. Jy dra nie heeltemal die ander persoon vir wie jy bid se belange op die hart nie. Die ander persoon se probleme wat jy na die Here toe bring word dan maar net 'n soort kleed waarmee jy jou eie vuilheid probeer bedek. En tog is dit maar net Jesus se bloed wat ons sondes kan bedek of, om dit nog beter te stel, dit heeltemal kan uitwis asof dit nooit bestaan het nie.

As gelowiges behoort ons voortdurend op ons hoede te wees vir geestelike hoogmoed en die neiging om altyd iemand anders te vind wat 'n groter sonde as jy gepleeg het en wat as 'n bedekking vir jou sondes kan dien, of wat jy kan gebruik om die aandag van jou eie tekortkominge af te trek, selfs al gebeur hierdie vingerwysing net in jou eie gedagtes. Dit lei

nie tot eerlike selfondersoek en opregte berou nie. As ’n mens na die talle verwysings na hoogmoed in die Bybel kyk, blyk dit dat God hierdie sonde as baie ernstig beskou, miskien omdat alle Christene tog maar geneig is om hoogmoedig te raak. Hoogmoed kruip so maklik in ’n mens se hart in sonder dat jy dit agterkom, en dit is so maklik om dit oor die hoof te sien en dit vir jouself en vir ander weg te steek. Die Bybel sê uitdruklik dat God die hoogmoediges weerstaan en teen hulle gekant is, maar dat Hy genade betoon aan die nederiges (Jakobus 4:6; 1 Petrus 5:5). ’n Mens kan amper sê dat God Sy rug draai op die hoogmoediges en dat Hy nie in hul lewens kan werk en hul probleme kan aanspreek soos Hy graag sou wou nie. Psalm 34 sê dat die Here die nederiges van hul benoudhede en probleme red:

> *Die oë van die HERE is op die regverdiges, en sy ore tot hulle hulpgeroep ... Hulle roep, en die HERE hoor, en Hy red hulle uit al hul benoudhede* (Psalm 34:16; 18 AOV).

In vers 19 sê Dawid wat hy in hierdie geval met “regverdiges” bedoel:

> *Die HERE is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees.*

Met ander woorde, dit is dié mense wat nederig is omdat hulle in hul gebrokenheid weet hoe afhanklik hulle van God is en dat hulle geensins op hul eie vermoëns kan staatmaak nie.

En dan kom weereens die wonderlike versekering in vers 20:

> *Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige, maar uit dié almal red die HERE hom*.

Ten einde die probleem van geestelike hoogmoed te bowe te kom en jou intersessie en advies vir ander mense jou erns te maak, behoort jy spesifieke dinge vir diegene vir wie jy intree te begeer, mooi dinge wat deur die Heilige Gees op jou hart gelê word en wat jy aan Hom oorlaat om in hierdie mense se lewens te laat realiseer. Maar jy moet hierdie dinge werklik met opregte liefde begeer, asof jy dit in jou geestesoog kan sien terwyl jy ook hierdie dinge met God bespreek. Ons praat hier nie van die visualisering en “imaging” van die Nuwe Era-beweging (New Age Movement) nie, waar die menslike wilskrag ’n groot rol speel en waar bonatuurlike magte as’t ware gemanipuleer word om dit wat gevisualiseer word te laat realiseer nie. Hierdie Nuwe Era-tegnieke is okkulties van aard. Jy kan nie deur jou eie wilskrag goed laat gebeur nie en jy kan God nie deur jou wilskrag dwing om dit waarvoor jy vra te laat realiseer nie. Dit is ’n verkeerde opvatting van geloof. Geloof moet nie blote wilskrag word waardeur jy God probeer manipuleer om dinge ten uitvoer te bring nie. Die goed wat jy vir ander mense begeer, moet in God se hande gelaat word. Hy bring dit tot uitvoer soos en wanneer dit Hom behaag en in ooreenstemming met Sy wil.